The Dome Arts Retreat presents
Master Classes in lute and theorbo
Uwe Grosser (Munich)
25 – 28 March 2010

*Lute technique for beginners and advanced players
*Continuo playing on the lute and theorbo
*Accompaniment of singers
*Individual and group tuition
*Instrument available
*Planning session for lute building course

Target Group: Lute or guitar players at any level. Singers interested in Renaissance or Baroque singing with lute accompaniment.

Course Fees: 1 lesson: R400. 2 lessons: R700. 3 or more lessons: R300 per lesson. Passive participation: R100 per lesson. Full four day course including accommodation and meals: R2000.

Venue: The Dome Arts Retreat in the Vredefort Dome World Heritage Site between Parys and Potchefstroom.

Application: Before 1 March 2010 with 50% deposito (for full course)

Kontact: Gerhard Benade 083 280 9784; gerhard@deelfontein.co.za

Information: www.deelfontein.net

Uwe Grosser is in München in Duitsland woonagtig. Hy studeer by Joseph Hornsteiner aan die Richard Strauß-Konservatorium in München klassieke kitaar en volksmusiek. As student begin hy reeds om instrumente te bou, en woon gereeld luitboukursusse by Robert Lundberg by. Op hierdie manier kom hy in aanraking met vroeë musiek. By Prof. Dieter Kirsch aan die musiekuniversiteit van Würzburg studeer hy luitinstrumente. Na aanvanklike konsertaktiwiteite met die Beierse Staatsopera in München, die Staatsteater in Stuttgart en die Opera in Nürnberg, tree hy met bekende ensembles soos SEAVEN TEARES en COSI FACCIAMO op, en in solo-uitvoerings. Sy eerste opname met musiek vir luit en chitarrone (FANTASIA) verskyn in 2003 by MUCAVI RECORDS. Buitelandse konsertreise lei na Italië, Spanje en tot in Suid-Afika, waar hy as gasmusikus op die Stellenbosch Musiekfees, die Grahamstadse kunsfees en met die Kaapstadse Opera optree.

Die goue eeu van Luitmusiek

Uwe Grosser
Luit en Chitarrone

Ambrosio Dalza (1508)	Pavana Ferrarese
Hans Neusidler (1508 - 1563)	Preambel Welscher Tanz
Pietro Paulo Borrono (1490 - 1563)	Pavana la Milanese
Francesco da Milano (1497 - 1543)	Fantasia
John Dowland (1563 – 1626)	Lady Clifton's spirit A Fancy The Earl of Essex his Galliard Sir John Smith his Almain The Frog-Galliard

Pouse -

Nicolas Vallet (1583 – 1642)	Praeludium Gaillarde
Michelangnolo Galilei (1575 – 1631)	Toccata Corrente
Pietro Paolo Melii	Corrente detta la scabrosa
Girolamo Kapsperger (1575 – 1650)	Arpeggiata Preludio Bregamasca
Alessandro Piccinini (1566 – 1638)	Toccata Corrente
Girolamo Kapsperger	Passacaglia Ciachone

Vyfhonderdjaar-oue luitmusiek het oor die lang naweek in die berge van die Koepel weerklink tydens meestersklasse en ‘n konsert by die Koepel Kunstesentrum op die plaas Deelfontein. Ses kursusgangers – kitaarspelers, luitspelers en sangers – is deur die Duitse luitspeler Uwe Grosser van München en die sopraan Mandie de Villiers-Schutte bygestaan in hulle verkenning van hierdie opwindende en grootliks onbekende ou musiek.

Hierdie kursus is reeds die vierde van sy soort sedert Oktober 2008 wat deur Gerhard Benadé by sy musiekseminaarsentrum in hierdie afgeleë vallei tussen die hoë rante van die Koepel aangebied word. Die mikpunt is om vroeë musiek – dit wil sê, enige musiek wat nie in ons hedendaagse tyd gekomponeer is nie – te bevorder en ‘n bewussyn daarvoor te kweek dat hierdie musiek nie met ons huidige instrumente en musikale opvattings uitgevoer kan word nie, maar die oorspronklike instrumente en uitvoeringspraktyk nodig het om tot sy reg te kom.

Die vroeë musiek-beweging het in die tweede helfte van die vorige eeu ontstaan toe musici begin aanvoel het dat veral Barokmusiek, gespeel in die romantiese idioom en met die sterk, briljante klank van moderne instrumente, net nie sin maak nie. Die voorlopers van die beweging – Nicolaus Harnoncourt, die Kuijken-broers in Nederland, en die Duitse klawesimbelspeler Gustav Leonhardt, om net ‘n paar te noem, het begin navorsing doen in ‘n poging om meer oor die oorspronklike klank en uitvoering van die musiek te wete te kom.

Twee bronne kon in hierdie spannende soektog lig op die onderwerp gooi: Aan die een kant is daar die teoretiese geskrifte uit die sewentiende en agttiende eeue waarin die vooraanstaande musici baie noukeurige aanwysings gee oor hoe die musiek gespeel en geïnterpreteer moet word. Aan die ander kant is daar nog heelwat instrumente – viole, hobo’s, fagotte, luite, ens. – uit hierdie tyd beskikbaar en kon hulle eerstehandse ervaring opdoen oor die klank en tegniese moontlikhede wat destyds tot die beskikking van komponiste gestaan het. Natuurlik kan die hedendaagse musikus hierdie leidrade slegs as riglyne gebruik in sy poging om uit te vind hoe Bach of Mozart hulle eie musiek gehoor het.

Die doel is natuurlik geensins om ou musiek as museumstukke daar te stel en dogmaties te beweer dat daar net een manier is om dit uit te voer nie: Selfs met die mees noukeurige speurwerk sal niemand weet hoe ‘n musiekstuk uit die sestiende eeu werklik geklink het nie. Die uitdaging waarvoor die hedendaagse musikus staan is dus om hierdie teoretiese kennis met sy eie musikale aanvoeling te kombineer om die musiek so lewendig en vars as moontlik op te voer.

Die grootste struikelblok in die pad van vroeë musiek in Suid-Afrika is die feit dat die oorspronklike instrumente – of dan liewer die moderne nabootsings daarvan – nie geredelik in die land beskikbaar is nie en ten duurste uit Europa ingevoer moet word. Om hierdie probleem die hoof te bied, is daar by al die kursusse dermsnare en barokstrykstokke beskikbaar gestel en word bv. vir voornemende luitspelers in vooruitsig gestel om eie instrumente in ‘n luitbou-werkswinkel te maak. Juis om hierdie projek voor te berei het Uwe Grosser, wat ook al sy eie instrumente gebou het en reeds ‘n ou bekende in Suid-Afrika is, die meestersklasse tydens die afgelope naweek aangebied. Die kursus het groot geesdrif en byval onder die deelnemers gevind en ‘n volgende ontmoeting word vir die begin van 2011 beplan.

Uwe Grosser woon in ‘n klein dorpie in suide van Duitsland naby München. Hy het by Joseph Hornsteiner aan die Richard Strauß-Konservatorium in München klassieke kitaar en volksmusiek studeer, en as student reeds begin om instrumente te bou. Op hierdie manier kom hy in aanraking met vroeë musiek. By Prof. Dieter Kirsch aan die musiekuniversiteit van Würzburg studeer hy luitinstrumente. Na aanvanklike konsertaktiwiteite met die Beierse Staatsopera in München, die Staatsteater in Stuttgart en die Opera in Nürnberg, tree hy met bekende ensembles soos SEAVEN TEARES en COSI FACCIAMO op, en in solo-uitvoerings. Sy eerste opname met musiek vir luit en chitarrone (FANTASIA) verskyn in 2003 by MUCAVI RECORDS. Buitelandse konsertreise lei na Italië, Spanje en tot in Suid-Afika, waar hy as gasmusikus op die Stellenbosch Musiekfees, die Grahamstadse kunsfees en met die Kaapstadse Opera optree.

In sy konsertprogram, wat Sondagaand op Deelfontein deur liedere en ensemblemusiek deur die kursusgangers aangevul is, speel hy dansmusiek en fantasieë uit die goue era van luitmusiek:

Komposisies van Francesco Spinacino en Ambrosio Dalza, die Nürnbergse luitspeler Hans Neusidler en die belangrikste eksponent van die engelse luitmusiek, John Dowland. Die luit was ‘n uiters gewilde instrument in die sestiende en sewentiende eeue -- alleen aan die hof van Mantua het sewe luitspelers gelyktydig vaste aanstellings gehad. Die gewildheid van die luit word deur die geweldig omvangryke repertorium en die hoë kwaliteit van die komposisies onderskryf.

Met opwindende werke van Nicolas Vallet, Pietro Paolo Melii, Kapsperger en Piccinini is ‘n oorsig oor hierdie musiektradisie in die Europese musieksentra in die konsert gegee. Verskillende luitinstrumente – ‘n tien-snaar-luit, ‘n veertiensnaar-luit, en ‘n chitarrone met ‘n lengte van amper twee meter – illustreer die fyn klanknuanses wat hierdie musiek so boeiend maak. Dieselfde konsert is op Donderdag 18 Maart in Pretoria gespeel en word ook op Donderdag 25 Maart in Potchefstroom in die Konservatoriumsaal opgevoer.

Inligting: Gerhard Benadé 083 280 9784 www.deelfontein.co.za